Wits-lektor in Volksraad

Nasleep in Volksraad

DIE geval van die Bantoe-lektor aan die Universiteit van die Witwatersrand wat so pas tot leier van die Africanist-beweging verkies is, is vanoggend deur mnr. C. R. Swart, die Minister van Justisie, in die debat oor Universiteitsapartheid in die Volksraad aangehaal, berig ons parlementêre verslaggewer. (Lees ook berig op bladsy 4).

Die beleid van die Africanist-beweging is die omverwerping van blanke heerskappy in Suid-Afrika en sy hele geloofsbeleidenis is anti-blank, het mnr. Swart gesê.

As hierdie lektor daardie dinge dan aan die Universiteit wil propageer, moet die staat dan stilsit en nog sy salaris betaal?

Mnr. Swart het hierdie voorbeeld genoem om te toon dat akademiese vryheid van die Universiteite maar 'n relatiewe term is. Hy verwerp die stelling dat die Universiteitsowerheid alleen sal besluit wie hy sal leer, wat hy sal leer en hoe hy dit sal leer en dat die Staat hoegenaamd geen seggenskap daaroor moet hê nie.

Segregasie is die beleid van die twee groot partye in die Volksraad en dit sal dus nog lank 'n beleid van die Staat bly.

Mev. Margaret Ballinger, (Naturelleverteenwoordiger Oos-Kaapland), het gesê dat gevaarlike magte in die land aan die werk is waarvan kennis geneem moet word. Deur verwysing na die van die Minister, word sake egter net vertroebel. Die betrokke dosent kon aan enige universiteit verbonde gewees het, en het niks met die me[illegible] die [illegible]ontwerp te doen [illegible].

MNR. SWART: Dit het alles daarmee te doen. Die vraag is: Moet [illegible] onvermin[illegible] toegelaat word om sy propaganda te maak terwyl hy aan 'n universiteit verbonde is. Dit raak die hele kwessie van die outonomie van 'n universiteitsowerheid en die plig van die staat.

Robert Sobukwe Papers

PUBLISHER:
Publisher:- **Historical Papers, The Library, University of the Witwatersrand**
Location:- **Johannesburg**
©2010

LEGAL NOTICES:

Copyright Notice: All materials on the Historical Papers website are protected by South African copyright law and may not be reproduced, distributed, transmitted, displayed, or otherwise published in any format, without the prior written permission of the copyright owner.

Disclaimer and Terms of Use: Provided that you maintain all copyright and other notices contained therein, you may download material (one machine readable copy and one print copy per page) for your personal and/or educational non-commercial use only.

People using these records relating to the archives of Historical Papers, The Library, University of the Witwatersrand, Johannesburg, are reminded that such records sometimes contain material which is uncorroborated, inaccurate, distorted or untrue. While these digital records are true facsimiles of paper documents and the information contained herein is obtained from sources believed to be accurate and reliable, Historical Papers, University of the Witwatersrand has not independently verified their content. Consequently, the University is not responsible for any errors or omissions and excludes any and all liability for any errors in or omissions from the information on the website or any related information on third party websites accessible from this website.

DOCUMENT DETAILS:

Document ID:- **A2618-Cp2-4-12**
Document Title:- **Die Vaderland: Wits - lektor: Nasleep in Volksraad (Translation: Wits - lecturer: Aftermath in House of Assembly)**
Author:- **Die Vaderland**
Document Date:- **10 April 1959**